**22 NOVEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 129**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 129:3, 4**

## Nie ondergeploeg nie, maar losgesny

Onderploeg – dit is wat die vyande van God se volk in die oog het. Beeldryk word hierdie oogmerk in Psalm 129 uitgebeeld. Israel was soos 'n trekdier met toue vasgebind aan 'n ploeg, terwyl die sweepslae van swaarkry op hulle neergekom het. So was dit van hulle "jeug" af (Egipte as slawehuis). Dit sou die grootste vreugde van die vyande van God wees as hulle daarin kon (kan) slaag om God se eiendom onder die sweepslae van teenstand en verdrukking onder te kry.

In Psalm 129 word daar egter van redding gesing. Die Here is die Redder van onderploeging. Beeldryk word sy redding besing: Die ploegtou het Hy losgesny! Die volk is nie "ondergeploeg" nie, maar "losgesny", en hierin is die Here regverdig. Dit beteken dat die Here trou aan Homself is. Trou aan Homself het Hy sy volk, wat Hy van kindsbeen af liefgehad het (Hosea 11:1), losgesny van die ploegtou van onderploeging. Hy is trou aan Homself in sy oordeel oor hulle wat sy volk wou onderploeg (vs. 5-8).

Vyandskap teen die volk van God sal tot op die laaste oordeelsdag bestaan. Onderploeging sal tot dan die oogmerk van die gelowige se doodsvyande wees. 'n Eindoorwinnaar kan geen vyand van God wees nie, want geen vyand kon Christus onderploeg nie. Losgesny van onderploeging deur sy redding word die gelowige deur die Gees met die "tou" van die geloof aan Christus se oorwinning verbind. Met die geloof in Hom wat regverdig is, gaan ons voort op ons pelgrimsreis nie asof ons "ondergeploeg" is nie, maar as gelowiges wat "losgesny" is.

*Sing: Psalm 18:13* *Ds Eddie Tiemensma (Kemptonpark)*